Noodhulp Gr 2 (a)

Graad 2

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die elementêre beginsels van noodhulp te leer.
2. Praktiese ervaring te laat opdoen.
3. Bewus te maak van die veilige gebruik van medikasie.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet dat hy slegs medisyne gebruik wat 'n volwassene vir hom gee.
2. Weet dat slegs dokters voorskrifte uitskryf en waarom.
3. Bewus wees dat daar vervaldatums op medisyne is en waarom.
4. Weet hoe om ’n snywond te behandel.
5. Weet hoe om neusbloeding te stop.
6. Seet hoe om 'n skaafwond te behandel.
7. Weet wat om te doen as daar iets in die oog en oor is .
8. In staat wees om ‘n pleister korrek en stewig op ‘n toon of ‘n vinger te plak.
9. Weet wat noodsaaklik vir 'n noodhulpsakkie is en waarom.
10. Kennis dra van die noodnommers in hulle omgewing, byvoorbeeldambulans, dokter, hospitaal en veral ook 10111.
11. Bewus wees dat kontak met bloed, oop wonde en gebruikte spuitnaalde, uiters gevaarlikis.
12. Die noodhulp lied se eerste vers aanleer. (Wat maak jy met ‘n snywond?).

C AANBIEDING

1. Kinders moet voldoende geleentheid kry vir praktiese oefening. Maak gebruik van rolspel.
2. Maak seker dat die nuutste metodes van behandeling aangeleer word.
3. Die offisier bring verskillende voorbeelde van noodhulpkissies en gesels oor die inhoud en vervaldatums.
4. Maak gebruik van persone met die nodige opleiding en kennis.